# Centurion Rolbalklub

## Twilight Toernooi - 16 Januarie tot 27 Februarie 2025

## Spelreëls vir die Kompetisie

**A. Pare**

1. Skoene met 'n plat sool, sonder skerp hakke, sal gedra word. Spesiale span- of sosiale drag.
2. Afhangend van die weersomstandighede begin spel nie later as 17:00 (5nm) nie.
3. Elke wedstryd word met **drie balle** oor 15 koppe gespeel (driebal pare).
4. **Geen proefkoppe toegelaat**

**B. Telling**

1. Spanne kry 1 punt per kop wat gewen word.
2. Aan die einde van die wedstryd (15 koppe) kry die wenspan (totale meeste skote), 4 ekstra punte.
3. Die maksimum punte wat per wedstryd behaal kan word is 19 punte.

**C. Plasing van Wit bal**

1. Indien die wit bal op enige stadium tydens spel, buite die grense beland of te ruste kom op 'n afstand minder as 20 meter van die matlyn, **sal dit op die 2 meter merk geplaas word.**

*(Reël B3.1 & B3.2 is van toepassing. Sien ook reëls 56.5.2 en 56.5.3 asook die Bywette.)*

**D. Afstanddoening**

1. In die geval waar 'n span afstand doen van die wedstryd sal die betrokke span geen punte (0) kry nie.
2. Die opponerende span sal dan vier wedstrydpunte en 'n kop telling van vyftien (15) kry.

**E. Plaasvervangers**

1. Een plaasvervanger word per wedstryd toegelaat.
2. 'n Plaasvervanger mag net vir een span as plaasvervanger optree.

**F. Afhandeling van 'n rondte**

1. Rondtes moet op die gelote dag gespeel word. Indien die rondte as gevolg van enige rede nie klaar gespeel kan word nie, word die punte toegewys soos in paragraaf *G: Ongure weer*, beskryf.

**G. Ongure Weer**

1. Indien spel gestaak word voordat 'n wedstryd voltooi is, kry elke span 'n punt per kop gewen.
2. Die oorblywende koppe word gelykop verdeel tussen die spanne.
3. Die span met die meeste skote kry dan steeds 4 punte.

**H. Wenners/Loting**

1. Die kompetisie word op 'n loting basis gespeel.
2. Na die eerste rondte word die boonste 12 spanne teen mekaar geloot en die onderste 12 spanne teen mekaar geloot.
   Geen span sal meer as een keer teen mekaar speel nie.
3. Die kompetisie word oor sewe (7) agtereenvolgende weke gespeel
4. Die wenners van die kompetisie is die span met die hoogste punte.
5. Indien twee of meer spanne gelyke punte het sal die skote verskil tel.
6. Indien 'n wenner nog nie bepaal kan word nie word reëls 28.4, 5 en 6 van die Reëls van die Spel toegepas.
   - Indien daar nie 'n wenner is nie, sal die betrokke spanne "sudden death" speel om die wenner te bepaal.

**I. Dispute**

1. Dispute/klagtes van enige aard moet aan die Beheerliggam gerig word.
2. Die beslissing van die Beheerliggaam is finaal en betrokkenis sal daarby berus.
3. ***Beheerliggaam: President-Jurg Odendaal, Komp. Sekretarisse-Dorina du Plessis en David Engela en organiseerders-Conrad Greve en Adri Greve.***

**J. Prys oorhandiging en afsluiting**

1. Die afsluiting is 'n vleisbraai na spel op die laaste Donderdag van die kompetisie.
2. Tydens die geleentheid sal die pryse oorhandig word.

**K. Inskrywingsgeld**

1. Inskrywing is R350.00 per speler. Dit word aangewend vir die prysgeld en die koste van die braai.

**L. Ontstaan van Twilight Gemengde Pare Kompetisie**

Die breinkind van Jas Collen het in die 1974 / 1975 seisoen die lig gesien. Die eerste wedstryde is op die destydse Yskor Rolbalklub se bane gespeel. Skriftelike toestemming moes van die Noord Transvaalse Rolbal Vereniging (tans BGN) verkry word dat die spelers in sosiale drag mag speel. Inskrywingsgeld was R2.00 per span en die wenspan moes die eerste rondte drank koop!
Met die skuif van die Klub na die Zwartkop Buiteklub is die tradisie voortgesit.
Toe die Zwartkop Rolbalklub sy deure sluit het die kompetisie na Centurion Rolbalklub geskuif (2017) vanwaar ons met trots daarmee voortgaan.

*Conrad en Adri Greve* 082 4421588 adri.kotze65@gmail.com
**Organiseerders**